BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# BRIEWE AAN DIE KERK

# Deel 7 – Laodisea: Wees 'n Ware Getuie

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Wat geniet jy om te drink as jy BAIE dors is en dit BAIE warm is? Hoe dink jy sou dit proe as jy begin drink en dis warm? Verduidelik.**
- **Wat dink jy van die konsep in die wêreld dat elkeen sy eie waarheid kan bepaal en dat daar "nie 'n absolute waarheid is nie"?**
- **Het jy al ooit 'n bekende gedeelte in die Bybel gelees en skielik staan iets vir jou uit wat jy nog nooit voorheen gesien het nie? Hoekom dink jy is dit so?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 4:18. Watter dinge sou jy beskryf as die onsigbare dinge waarop ons as Christene moet fokus?**

**Kolossense 3:1-3. Hoe sluit hierdie gedeelte by bogenoemde aan? Hoe dink jy lyk dit prakties in Christene se lewe as ons ons oë op geestelike dinge gevestig hou?**

**Spreuke 4:23 en Romeine 8:5-6. (Lees in verskillende vertalings). Watter invloed het die fokus van ons gedagtes in hoe ons lewe?**

**Lees deur 2 Korintiërs 5:14-21 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Wat is die faktor wat ons moet dring om uit te reik na ander mense?**

- **Hoeveel keer beklemtoon hierdie gedeelte dat God aan ons die bediening van versoening gegee het? Hoekom dink jy word dit herhaal?**
- **Hoe getrou is jy tans aan hierdie bediening wat God vir jou gegee het? Verduidelik.**
- **Hoe sou jy jou dringendheid teenoor Paulus s'n vergelyk om te sien dat ander mense by God uitkom?**
- **Hoe dink jy voel Jesus daaroor?**

---

---

- **In die preek is die vraag gevra, "*Hoe bruikbaar is jy tans vir Christus en sy koninkryk?".* Hoe dink jy tans oor daardie vraag?**
- **Aan watter area van jou lewe "klop" Christus omdat Hy buite dit staan? Hoe kan jy dit verander?**
- **Bid jy nog vir jou EEN MEER en jou IEWERS? Hoe kan jy meer "dringend" wees daarin?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**